

Die mees oortuigende bewys



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 11:51, 52; Efesiërs 2:13-16; 2 Korintiërs 5:17-21; Efesiërs 4:25-5:2; Romeine 14:1-6; Handeling 1:14.

Geheueteks:

“Dit het hy nie uit sy eie gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy profeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God, wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring” (Joh. 11:51, 52; OAB, puntuasie effens aangepas).

Verlede week het ons gesien hoedat gemeenskaplike oortuiging en strewe ons eenheid in Christus na vore bring. Daardie oortuiging en strewe kan soos volg opgesom word: Die boodskap dat Jesus ons Verlosser is, asook die deel van spesiale eindtyd-gerigte bybelwaarhede. Ons is wie ons is, vanweë die boodskap wat God aan ons toevertrou het, en vanweë ons roeping om daardie boodskap wêreldwyd te verkondig. Vandeesweek fokus ons op sigbare kerkeenheid – hoe dit in die alledaagse handel en wandel van die Adventiste-Christen, asook in die praktiese uitleef van die kerk se sending, uiting vind. Jesus maak dit egter duidelik dat die verkondiging van die verlossingsboodskap – te wete dat God ons red en met Hom versoen – nie die kerk se enigste taak is nie. Ons eenheidsbelewenis in Christus is net so belangrik in daardie versoening wat Jesus bring. In ons ou wêreld waar sonde en rebellie hoogty vier, is die kerk ’n sigbare getuie vir die verlossende en transformatiewe krag wat die gelowige in Christus vind. In Christus deel ons ’n enkele evangelie, maar as die kerk nie eendragtig optree en daardie strewe tesame aanpak en uitvoer nie, sal die reddende mag van die kruis misgekyk word. “Ons eenheidsband met Christus lei tot verdere bande, dié tussen gelowige en medegelowige. Ons onderlinge band is die mees oortuigende bewys aan die wêrelding – ten gunste van die deugde en majesteit van Christus asook sy vermoë om klaar te speel met sonde” (Ellen G. White Comments, die *SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 1148). *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Desember.

Onder die kruis van Jesus

Kerkeenheid is soos die meeste ander geestelike middele wat God ons skenk – ’n genadegawe. Eenheid is nie ’n mensgemaak ding nie. Dit spruit nie uit ons eie pogings, ons goeie werke of ons voornemens nie. In wese skep Jesus Christus dit, deur sy dood en opstanding. Wanneer ons sy dood en opstanding deur geloof in die vorm van die doop en die vergifnis van sonde ontvang; wanneer ons in die band van gemeenskaplike aanbidding saamgebind word; wanneer ons die drie-engeleboodskap aan die wêreld verkondig – is ons een met Christus, en ook met mekaar.

Lees Johannes 11:51 en 52, asook Efesiërs 1:7-10. Watter gebeurtenis uit die lewe van Jesus vorm die grondslag van eenheid onder Sewendedag-Adventiste?

“Dit het hy nie uit sy eie gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God, wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring” (Joh. 11:51, 52; OAB, punktuasie effens aangepas). Hoe vreemd dat God hier vir Kajafas gebruik om die betekenis van Jesus se dood te verduidelik. Die hoëpriester het Jesus ter dood veroordeel, sonder om die omvang en diepte van sy eie uitspraak te verstaan. Vir Kajafas was dit bloot ’n politieke stelling. Johannes maak dit egter deel van sy vertelling ten einde ’n grondslagwaarheid aan die lig te bring – naamlik dat Jesus se soendood ’n kaleidoskopiese betekenis vir al God se getroue kinders inhou, dat hulle uiteindelik “tot een volk” bymekaargebring sou word. Die grondslag van ons eenheid bestaan uit ons eenstemmigheid – ons aanvaar almal dat Christus vir die gelowige gesterf het, ongeag die ander oortuigings wat ons as Sewendedag-Adventiste het, en ongeag hoe uniek die res van ons kerkgenootskap se boodskap is. Ons ervaar boonop ook eenheid in Christus deur die doop. “Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword” (Gal. 3:26, 27; NAB). Die doop is nog ’n band wat ons as Adventiste deel, en versinnebeeld ons geloof in Jesus Christus. Ons het een Vader, en daarom is ons almal seuns en dogters van God. Ons het ook ’n gemeenskaplike Verlosser, in wie se dood en opstanding ons gedoop word (Rom. 6:3, 4).

Hoekom behoort ons gemeenskaplike geloof in Jesus alle vorme van onderskeid in die Sewendedag-Adventistekerk te oorwin – hetsy etnies, kultureel, maatskaplik of polities?

'n Bediening van versoening

Chaos, oproer, konflik en oorloë – al hierdie dinge is eie aan ons wêreld. Dit is dinge wat ons op baie maniere raak, of dit nou met die enkeling, die gemeenskap of die land gebeur. Soms voel dit asof die ganse lewe net die een stryd op die ander is. Tog sal oneigheid en oproer eendag tot 'n einde kom. God is juis besig om eenheid in die heelal te herstel. Sonde bring verdeeldheid, maar God se ewige versoeningsplan doen net mooi die teenoorgestelde: Dit bring vrede en heelheid. Hoe het Christus gemaak om vrede onder gelowiges te bewerkstellig? In Efesiërs 2:13-16 gee Paulus ons die beginsels wat vrede meebring: Deur sy kruisdood versoen Jesus Jood en nie-Jood, en vernietig so die skeidsmuur van entisiteit en godsdiens. As Jesus dan al in die eerste eeu na Christus eenheid tussen Jood en nie-Jood bewerkstellig het, hoeveel te meer tussen gelowiges van verskillende rasse, etniese groepe en kulture in die hedendaagse kerk? Daardie heling is dan ook die vertrekpunt vir die kerk se sending aan die mensdom.

In 2 Korintiërs 5:17-21 sê Paulus dat ons in Christus 'n nuwe skepsel (oftewel “nuwe mens”) is, en ook met Hom versoen is. Wat beteken dit in terme van ons bediening in die teenswoordige wêreld? Kan ons enigsins tesame 'n verskil in ons onderskeie gemeenskappe maak?

As 'n nuwe mens in Christus, ontvang gelowiges 'n uiters belangrike, drieledige bediening van versoening. (1) Ons kerk bestaan uit gelowiges, mense wat voorheen van God vervreem was. Danksy die reddende genade van Jesus se soendood, en deur die werking van die Heilige Gees, is hulle met God verenig. Ons is God se oorblyfsel, geroepe om 'n eindtydboodskap aan die wêreld te bring. Met ons bediening doen ons 'n beroep op diegene wat nog van God vervreemd is, om hulle met God te verenig en om deel van ons sending te word. (2) God se kerk beteken ook die onderlinge versoening van sy lede. Om een in Christus te wees, beteken dat ons as gelowiges ook met mekaar verenig word. Hier het ons nie net 'n doelstelling, 'n poging op papier nie. Dit moet 'n tasbare werklikheid wees. Wedersydse versoening, asook vrede en harmonie onder broers en susters in Christus, is 'n onmiskenbare getuienis aan die wêreld dat Jesus Christus ons Heer en Heiland is. “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:35, OAB). (3) Hierdie bediening van versoening is 'n getuienis aan die heelal, naamlik dat God se verlossingsplan nie 'n versinsel is nie en dat dit wel transformatiewe krag het. Die groot stryd handel immers oor God en sy karakter. Die bruid van Christus wat haar vir eenheid en versoening beywer, is 'n kosmiese aanskouingsles – hoedat God se ewige wysheid op aarde uiting vind (lees Efe. 3:8-11).

Praktiese eenheid

In 1902 skryf Ellen G. White die volgende: “Christus se lewe op aarde – dít is die soort lewe wat elke Christen moet lei. Hy is ons voorbeeld – en nie net oor sy vlekkelose en onkreukbare handel en wandel nie; maar oor sy geduld, sagmoedigheid en minsame gearardheid” (Ellen G. White, in *Signs of the Times*, 16 Julie 1902). Mev. White se woorde herinner aan Paulus se beroep op die Filippense: “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was” (Fil. 2:5, NAB).

Lees Efesiërs 4:25-5:2 en Kolossense 3:1-17. Beantwoord nou die volgende twee vrae: In watter spesifieke sye van ons lewens word ons gevra om ons lojaliteit aan Jesus te toon? Hoe kan ons in ons openbare lewens getuies vir Jesus wees?

Daar is baie ander skrifgedeeltes wat die Christen aansê om Jesus se voorbeeld te volg, deur ’n lewende getuie van Gods genade voor ander te wees. Ons het ook ander roepings: Om ons vir ons medemens se welstand te beywer (Matt. 7:12); om mekaar se laste te dra (Gal. 6:2); om eenvoud aan die dag te lê deur o.a. op geestelike dinge eerder as uiterlike versiering te fokus (Matt. 16:24-26; 1 Pet. 3:3, 4) en om ’n gesonde lewenstyl te lei (1 Kor. 10:31).

“Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net ’n mens se lewe. Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening” (1 Pet. 2:11, 12; NAB). Al te dikwels onderskat ons die invloed wat ’n Christelike karakter op die mense om ons het: Oomblikke van irritasie wat met geduld begroet word, dissipline te midde van konflik en spanning, ongeduld en harde woorde wat met ’n sagmoedigheid beantwoord word – dít is die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het, en is die soort gedrag wat ons moet naboots. As Sewendedag-Adventiste is ons getuies vir Christus. Tesame bevind ons ons in ’n wêreld wat nie die karakter van God reg verstaan nie, derhalwe kan ons ’n dryfveer vir die goeie, en ter ere van God wees. As ambassadeurs vir Christus moet ons nie net aan ons vroomheid geken word nie, maar ook aan ons praktiese besorgdheid oor die welsyn van ander. As die godsdiens wat ons bedryf eg is, sal dit aan die lig kom. Dit sal boonop ’n verskil in die wêreld maak. ’n Gemeente wat saamstaan en die karakter van Christus aan die wêreld openbaar, sal ongetwyfeld ’n kragtige getuienis wees.

Watter soort getuienis is jy vir ander? Watter dinge in jou lewe sal mense noop om Jesus te begin volg?

Eenheid te midde van diversiteit

In Romeine 14 en 15 roer Paulus kwessies aan wat groot verdeeldheid in die gemeentes van Rome gebring het. Sy oplossing vir dié probleem? Hy doen 'n beroep op die Christene van daardie landstreek om mekaar met geduld en verdraagsaamheid te behandel, om nie mekaar en sodoende die kerk te laat struikel nie. Wat leer ons uit die apostel se raad?

Lees Romeine 14:1-6. Watter gewetenswroegings het tot vooroordeel en verdeeldheid onder die Romeinse Christene gelei?

Hierdie gewetenswroegings het bes moontlik iets met Joodse sienings oor seremoniële reinheid te doen gehad. Paulus praat van party gelowiges wat oor ander se “gevoelens... geoordeel het” (OAB) oftewel dat die een oor die ander se “opvattinge... gestry het” (Rom. 14:1, NAB). Met ander woorde, dit was nie 'n kwessie van lewe of dood – in 'n ewige sin – nie, maar bloot sienings wat elke gelowige op sy/haar eie moes uitklaar (lees Rom. 14:5.) Die eerste soort meningsverskil was oor watter kos 'n mens mag eet. Die eet van Levitikus 11 se verbode diere is egter nie hier ter sprake nie. Daar is nêrens enige bewyse dat die Christene van Paulus se tyd skielik onrein diere – soos vark – begin eet het nie. Ons weet byvoorbeeld dat Petrus nie daaraan wou raak nie (lees Hand. 10:14). Hier stamp gelowiges kop oor die siening dat die eet van groente slegs vir verswakte persone is (Rom. 14:2) asook oor sienings wat met die drink van sekere drankies te make het (Rom. 14: 17, 21). Duidelik het hierdie meningsverskille uitsluitlik oor seremoniële reinheid gegaan. Dit blyk ook uit die gebruik van die woord *koinos* in Romeine 14:14, wat “ongewyd” of “geestelik vuil” beteken. *Koinos* verskyn ook in die Griekse vertaling van die Ou Testament – die destydse Septuagint – waar dit op diere dui wat geestelik-gesproke vuil is, en nie dié van Levitikus 11 wat letterlik vuil vanweë hul manier van leef is nie. Klaarblyklik was daar Christene in die gemeentes in Rome wat nie saam met ander gelowiges wou eet nie, omdat die kos nie na hulle mening reg voorberei was nie of omdat dit aan afgode geoffer is. Dieselfde geld vir die hou van bepaalde dae. Hier gaan dit nie om die onderhouding van die weeklikse Sabbat nie. Ons weet immers dat Paulus dit getrou gedoen het (Hand. 13:14, 16:13, 17:2). Dit dui veel eerder op die onderskeie Joodse fees- of vasdae. Paulus se bedoeling hier is dat lidmate verdraagsaam teenoor diegene moet wees wat opreg by daardie voorgeskrewe feeste en vasdae hou, met dien verstande dat laasgenoemde dit nie as hul verlossing moet beskou nie. Verdraagsaamheid en geduld ten tye van meningsverskille is juis hoe gelowiges hul eenheid toon, veral wanneer daardie meningsverskille oor nie-essensiële aspekte van geloof gaan.

Bespreek die volgende vraag in klastyd: Is daar enigiets wat ons as Sewendedag-Adventiste glo en beoefen wat nie noodwendig deur alle lidmate ingesien en gevolg hoef te word nie?

Eensgesind in ons sending

Vergelyk die dissipels se gemoedtoestand ten tye van die volgende twee gebeurtenisse – by die laaste maaltyd in Lukas 22:24, en net voor die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in Handeling 1:14, en hoofstuk 2:1 en 46. Hoekom is dit skielik so anders?

Handeling 1:14 se “eensgesind volhard” (NAB) beteken presies dieselfde as hoofstuk 2:46 se “eendragtig volhard” (slegs in die OAB). Daardie eensgesindheid spruit uit die feit dat hulle op een plek bymekaargekom het, terwyl hulle saam vir die koms van die beloofde Trooster gebid het. By daardie byeenkom kon hulle maklik mekaar begin kritiseer het. Party kon op Petrus se verloëning van Jesus gewys het (Joh. 18:15-18, 25-27), ander op Tomas se ongeloof na Jesus se opstanding (Joh. 20:25). Hulle kon Jakobus en Johannes se versoek om die topposisies in Jesus se koninkryk te beklee, opgehaal het (Mark. 10:35-41), of selfs dat Matteus eens op ’n tyd een van die mees veragtelike beroepe gevolg het, naamlik dié van tollenaar (Matt. 9:9). “Daardie dae van voorbereiding was [egter] ’n tyd vir diepgaande selfondersoek. Pynlik bewus van hul geestelike honger roep hulle uit na die lewende God, op soek na die gawe van Bo sodat hulle hul sielreddingstaak kan uitvoer. Hulle bid nie net vir hulself nie. Die las van al die siele wat gered moet word, rus swaar op hulle. Want hulle besef: Dié evangelie moet tot aan die uithoeke van die wêreld verkondig word. Derhalwe beroep hulle hulle op die krag van die Heilige Gees, wat die Meester aan hulle belowe het” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 37).

Deur hul noue samesynsband en hul vurige gebede word die dissipels vir daardie grootste oomblik – die Pinksterbelewens – voorberei. Hulle kom al nader aan God, en sit hul meningsverskille opsy. Só berei die Heilige Gees hulle dan voor om onverskrokke en met oorgawe oor die opstanding van Jesus te getuig. Uiteindelik het dit tot hulle deurgedring: Die Here het ons menige tekortkominge vergewe. Daarom het hulle die moed gehad om deur te druk. Elkeen was terdeë bewus van die dinge wat God in sy/haar lewe vermag het. Met die beloofde verlossing in Christus was hulle vertrou. Mev. White beskryf dit soos volg: “Die openbaring van Christus en sy karakter, in en deur hulle; en om alles in die stryd te werp ter uitbreiding van die koninkryk – dit was die gelowiges se groot strewe” (bl. 48). Dit is geen wonder dat die Here sulke magtige dinge deur hulle vermag het nie. Wat ’n les vir die hedendaagse kerk!

Om by ander fout te vind, is tog so maklik. Hoe kan ons egter leer om ander se foute ter syde te stel, ten einde ’n hoër roeping – naamlik die wil van God – tesame in Christus na te streef?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “Unity in Diversity,” bl. 98-103, in *Evangelism*. Die volgende aanhaling toon hoe die vroeë Christelike kerk dit reggekry het om as ’n hegte gemeenskap hul eenheid in Christus te behou, en dit ten spyte van meningsverskille; met die gevolg dat hulle ’n kragtige getuienis aan die destydse wêreld was. “Die Skrif toon hoe die vroeë Christelik kerk deur die Heilige Gees gelei is om die regte besluite in kerkkringe te neem. Daardie leiding het op wyses geskied wat nou met mekaar verband hou: Deur openbarings (byvoorbeeld deur die Gees wat mense aansê om bepaalde dinge te doen; soos in die geval van Cornelius, Ananias, Filippus; en moontlik deur die werp van die lot), deur die Woord van God (waar die kerk na die bestudering van die Skrif tot ’n bepaalde slotsom kom), asook deur konsensus (waar die Gees, byna ongesiens, binne die kerkgemeenskap werk; en die gesprek en studie in ’n bepaalde rigting stuur, sodat die kerk na afloop van die verrigtinge die werking van die Gees in alles bespeur). Dit wil voorkom asof die Heilige Gees in tye van kulturele, leerstellige en teologiese geskille in kerkkringe, konsensus as instrument tydens besluitneming gebruik het. Hier merk ’n mens die aktiewe rol wat die gemeenskap van die heiliges as ’n geheel gespeel het, en nie net kerklui nie; en hoe belangrik dit was om vir die [gawe van] onderskeid te bid. Die leiding van die Gees is iets wat regdeur die Christelike gemeenskap ervaar is – deur lidmate se insae in die Woord van God; deur die belewenisse en behoeftes van die gemeenskap; asook deur die belewenis van die leiers in hul onderskeie bedienings. Verskeie kerkbesluite is geneem deur die model te volg waarvolgens die influisterende Gees die kerk lei; waarin die Skrif, gebed en belewenis as boublokke vir teologiese bepeinsing gedien het” (Denis Fortin, “The Holy Spirit and the Church,” in Ángel Manuel Rodríguez, ed., *Message, Mission, and Unity of the Church*, bl. 321, 322).

Vrae vr bespreking:

1. Hersien jou antwoord op Woensdag se vraag gedurende klastyd (die een wat gaan oor leerstellings en praktyke binne die Sewendedag-Adventistekerk, en hoe ’n mens bepaal watter essensieel en watter nie-essensieel is).
2. Hoe behoort ons teenoor Christene in ander kerkgenootskappe wat ook soos ons in die dood en opstanding van Jesus glo, op te tree?

Opsomming: Die mees oortuigende bewys dat gelowiges een is, is vir broers en susters in Christus om mekaar op dieselfde wyse as Jesus lief te hê. Die feit dat ons sondes vergewe is en dat Christus ons verlos het – oortuigings waaroor alle Sewendedag-Adventiste immers saamstem – is die beste samesynsband. In Christus kan ons dus ons eenheid, ons gesamentlike getuienis en ons gemeenskaplike geloof aan die wêreld tentoonstel. Dit is immers die somtotaal van ons roeping.